toetreden van nuwe werkers tot die arbeidsmag te absorbeer nie, en selfs indiensneming in die sektore van die ekonomie buite die landbou het teen 'n baie vinniger koers afgeneem as in enige van die vorige afwaartse fases. Soos meer breedvoerig hieronder bespreek word, het verskeie faktore tot hierdie skerp afname in indiensneming bygedra, waaronder: die lang tydperk van die afwaartse beweging; die feit dat die afwaartse fase eers na etlike jare van lae groei in produksie en indiensneming voorgekom het; die algemene onsekerheid oor toekomstige politieke ontwikkelings; binnelandse onrus; die hoë vlak van en volgehoue skerp stygings in arbeidskoste; die "hindernislikelement" verbonden aan die indiensneming van werkers vanweé die vakbondsbeweging en polities geïnspireerde optredes; die dalende neiging in die vaste kapitaalvoorraad; die oneffektiewe benutting van besparing en kapitaal; en die rasionalisasie wat in sekere sektore van die ekonomie plaasvind en wat tot die afdanking van werkneemers aanleiding gee.

Tot betreklik onlangs het die nominale salaris en lone egter bly styg teen koerse wat heelwat hoër as die inflasiekoeus was. Die reële loon per werker het eers van die tweede kwartaal van 1991 begin daal. Die arbeidsproduktiwiteit in die sektore van die ekonomie buite die landbou, wat sedert die middel van 1989 afgeneem het, het sedert die middel van 1990 weer begin verbeter. Hierdie toename en die laer groei in die nominale arbeidsvergoeding, het in die tweede kwartaal van 1991 aanleiding gegee tot 'n daling in die groeikoers oor een jaar in die reële eenheidskoste van arbeid.

Die laer koers van toename in arbeidskoste het sedert Maart 1991 met 'n laer koers van toename in die prys van binnelandse geproduceerde goedere gepaardgegaan. Die prys van ingevoerde goedere het met die daling in die internasionale olierprise reeds teen die einde van 1990 begin verlangsaam. As gevolg van hierdie bewegings in sy twee hoofkomponente, het die koers van toename in die totale produksieprysindeks oor tydperke van twaalf maande van 14,6 persent in November 1990 tot 11,4 persent in September 1991 gedaal. Die koers van toename in die verbruikersprysindeks oor tydperke van twaalf maande het ook aanvanklik 'n matige daling van 15,3 persent in November 1990 tot 14,1 persent in Maart 1991 getoon, maar per saldo weer tot 15,4 persent in September 1991 gestyg.

Die koers van toename in die verbruikersprysindeks is egter sedert Augustus 1991 deur die instelling van 'n nuwe stel gewigte beïnvloed wat op die bestedingspatrone van huishoudings in 1990 gebaseer is, en wat vergelyk word met indekswaardes in die vorige jaar wat nog steeds op die gewigte van 1985 gebaseer is. Ingevolge 'n alternatiewe

meting wat bereken word deur indekssyfers vir 1990 en 1991 te vergelyk wat albei op die gewigte van 1990 gebaseer is, het die koers van toename oor een jaar in verbruikerspryse 13,7 persent in September 1991 bedra.

Die gemete groei in die geldvoorraad is insgeleks verwing deur veranderings aan die regulasies ingevolge die Wet op Depositonemende Instellings, waarvolgens buite-balansstaatposte na konvensionele deposito's op die balansstate van hierdie instellings omgeskakel word. 'n Groot deel van die versneling in die groeikoers oor een jaar in M3 vanaf 'n laagtepunt van 10,2 persent in Januarie 1991 tot 15,7 persent in September 1991 is waarskynlik die gevolg van hierdie veranderings in regulasies. Die onderliggende koers van toename in die geldvoorraad is waarskynlik heelwat laer as wat deur die toename in M3 oor tydperke van twaalf maande aangedui word. Dit blyk duidelik uit die groei in M3 gemeet van die einde van Februarie 1991 (die datum waarop die veranderings in die regulasies geïmplementeer is) tot Oktober, wat 'n seisoensangewesuiwerde jaarkoers van bykans 8 persent bedra het.

Die toename in krediet wat deur monetêre instellings aan die binnelandse private sektor verleen is, het in die loop van 1991 meer gelyk verloop. Gemeet van die einde van Februarie 1991 tot die einde van September om in 'n sekere mate voorstiening te maak vir die veranderings in die regulasies, het die groei in kredietverlening 'n seisoensangewesuiwerde jaarkoers van 14,1 persent bedra. Die groei in krediet wat vir die doeleindes van duursame private verbruuk en investeringsuitwagings verleen is, het veral heelwat in die eerste nege maande van 1991 afgeneem.

Die toestande op die geldmark wat opmerklik in die laaste maande van 1990 verruum het, het in die eerste een maande van 1991 in toenemende mate nog meer likwied geword as gevolg van die verbetering in die algehele posisie op die betalingsbalans, die laer kontantreserweverelastes van depositonemende instellings, tekoste wat op die voorstiening van termynvalutadekking deur die Reserwebank aangeteken is, en Krugerrand wat die Reserwebank van private organisasies en individue aangekoop het. In 'n poging om sy herdiskontrollingskoers effektiel te hou en om oordrawe verwagtings van vinnig dalende geldmarkkoersse te verhoed, het die Reserwebank gebruik gemaak van valutauitransaksies en die uitreiking van spesiale skatkiswissels met 'n kort looptyd om die normatige likwiditeit te neutraliseer.

Handelsbedrywigheid in die sekondêre kapitaalmarkte het in die derde kwartaal matig afgeneem. Vir die kwartaal as geheel was die vlakte van bedrywigheid in die meeste markte egter steeds opmerklik hoër as die vlakte van die

vorige kwartaal. Die primêre kapitaalmarkte is hoofsaaklik gekenmerk deur 'n aansienlike toename in die fondse wat deur maatskappye in die private sektor deur middel van nuwe uitrekkings van skuldbrieue, voorkeuraandele en gewone aandele geverf is.

Die geleidelike verslapping van die meeste geldmarkkoerse wat reeds in Februarie 1990 begin het, is in die eerste elf maande van 1991 voortgesit. In teenstelling hiermee het opbrengskoerse op die kapitaalmark van ongeveer Maart 1991 verstewig, maar in November weer skerp teruggesak.

Monetêre beleid het redelik beperk gebly, met reële rentekoerse op matige positiewe vlakte. Die reële effektiwe wisselkoers van die rand was ook betreklik stabiel en het van Desember 1990 tot September 1991 met slegs 0,6 persent gedaaal. Fiskale beleid was in die eerste helfte van die fiskale jaar 1991/92 egter meer uitbreidend as wat in die Begroting vir die jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel is. Hierdie meer stimulerende beleidsingesteldheid was die gevolg van die matig hoër besteding as waarvoor begroot is, tesame met die toename in staatsinkomste wat heelwat laer was as waarvoor daar vir die jaar in sy geheel begroot is. Die Sentrale Regering se tekort voor lenings en skuldflossings in die eerste twee kwartale van die fiskale jaar 1991/92 het dus nie minder nie as 77 persent bedra van die tekort wat vir die fiskale jaar in sy geheel geraam is. As 'n verhouding van die bruto binnelandse produk, het die tekort 5,3 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1991/92 beloop.

Hierdie meer uitbreidende fiskale beleid behoort tot die herstel van die binnelandse ekonomie by te dra. 'n Hoër groei mag dalk ook ophande wees vanweë 'n volgehoue gunstige uitvoerprestasie, die heelwat verbeterde ekonomiese en finansiële betrekkinge tussen Suid-Afrika en ander lande en die huidige laevlak van voorrade. Die vooruitsigte vir die Suid-Afrikaanse ekonomie lyk dus ietwat gunstiger as aan die begin van die jaar en 'n klein positiewe reële groeikoers in die bruto binnelandse produk kan waarskynlik in 1992 aangeteken word.

## Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

### Binnelandse produksie\*

Die jongste ramings van Suid-Afrika se totale reële bruto binnelandse produk dui op 'n geringe toename in die derde kwartaal van 1991. Nadat die groei in die reële bruto binnelandse produk in die vierde kwartaal van 1989 negatief geword het, het die totale reële toegevoegde waarde voortgegaan om gedurende 1990 en in die eerste helfte van 1991 te daal teen jaarkoerse wat tussen  $\frac{1}{4}$  en  $\frac{1}{2}$  persent gewissel het. Die toename in die reële produksie in die derde kwartaal van 1991 word voorlopig teen 'n seisoenaangesuiwerde jaarkoers van ongeveer  $\frac{1}{2}$  persent geraam. Hierdie toename in die reële produksie is hoofsaaklik deur 'n voortgesette skerp toename in die fisiese omvang van die uitvoer, 'n styging in die landbou- en mynbouproduksie en 'n laer koers van afname in voorrade teweeggebring.

Die reële landbouproduksie wat sedert die begin van 1991 effens begin toeneem het, het in die derde kwartaal van 1991 verder teen 'n jaarkoers van ongeveer 6 persent gestyg.


Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die buitengewone groot deel (ongeveer 70 persent) van die hoër-as verwagte mielie-oes wat gedurende die derde kwartaal geoe is. Jongste ramings dui egter daarop dat die mielie-oes in die 1990/91-seisoen nog steeds sowat 14 persent minder kon wees as die 8,4 miljoen ton wat in die 1989/90-seisoen geoees is.

Die fisiese omvang van die mynbouproduksie het in die derde kwartaal van 1991 effens teen 'n jaarkoers van ongeveer  $\frac{1}{2}$  persent gestyg, vergeleke met 'n daling van bykans  $2\frac{1}{2}$  persent in die tweede kwartaal van 1991. Toenames in die tonnemaat erts met 'n onveranderde gemiddelde goudinhoud vergrijs het in die derde kwartaal tot 'n verdere toename in die reële produksie van goud gele. Steenkoolproduksie het eweneens gestyg as gevolg van gunstige ontwikkelinge in internasionale markte en die opheffing van sanksies teen Suid-Afrika deur sekere lande. Hierdie gunstige ontwikkelinge in die mynbousektor is grootliks teengewerk deur die laer vlakte van produksie van diamant- en ander myne as gevolg van die verlangsaming in die wêreldvraag.

Ondanks 'n skerp toename in die uitvoer van vervaardigde goedere, het die reële fabriekspo-

\* Soos gebruiklik in die derde kwartaal van elke jaar, is die nasionale-rekeningstatistieke hersien en word die gewysige ramings in hierdie uitgawe van die Kwartaalblad opgeneem. Die hersienings maak gebruik van meer volledige of andersins meer gepaste brongewens as wat voorheen beskikbaar was. Daarbenewens is die faktore vir die kansuivering van seisoenskommerings op datum gebring.

### Komponente van reële bruto binnelandse produk



duksie in die derde kwartaal van 1991 verder afgeneem. Afnames in reële produksie het wydverspreid onder die vernaamste subsektore van die fabriekswese voorgekom, en was hoofsaaklik 'n weerspieëling van die swakker binnelandse vraag en van produksieverliese wat uit stakings in sekere subsektore van die bedryf voortgespruit het. Die vlak van die reële produksie in die fabriekswese was  $4\frac{1}{2}$  persent onder die vlak wat aan die begin van die afwaartse beweging in ekonomiese bedrywigheid behaal is. Die persentasiebenutting van produksievermoë het gevvolglik in die tweede kwartaal van 1991 tot 'n nuwe laagtepunt van 81 persent gedoen.

In die tertiêre sektore het die reële toegevoegde waarde van die handelsektor in die derde kwartaal van 1991 teen 'n vinniger tempo afgeneem. Hierdie


afname het klein toenames in die reële toegevoegde waarde van die ander tertiêre sektore bykans ten volle uitgeskakel. Die daling in die reële toegevoegde waarde van die handelsektor was veral opmerklik in die subsektore soos die groot- en motorhandel, terwyl die reële toegevoegde waarde van die kleinhandel op ongeveer dieselfde vlak as in die vorige kwartaal gebly het. Hierdie betreklik trae toestande in die handelsektor kan hoofsaaklik aan die huidige trae private verbruiksbesteding toegeskryf word. In die derde kwartaal van 1991 was dit ook 'n weerspieëling van die laer investering in masjinerie en vervoergerusting deur die sakesektor, wat weer die gevolg was van die uitselling van kapitaaluitgawes om munt te slaan uit die inwerkingstelling van die belasting op toegevoegde waarde.

Die matig negatiewe tot effens positiewe groei-kosse in die middelkwartale van 1991 beteken dat die reële bruto binnelandse produk in die eerste nege maande van 1991 ongeveer  $\frac{1}{2}$  persent onder die vlak van die ooreenstemmende tydperk in 1990 was.


### Binnelandse besteding

Die koers van afname in die totale reële bruto binnelandse besteding het in die derde kwartaal van 1991 tot 'n jaarkoers van naastenby  $6\frac{1}{2}$  persent versnel vanaf nagenoeg 3 persent in die voorafgaande kwartaal. Dit het die gemiddelde vlak van die reële binnelandse besteding gedurende die eerste nege maande van 1991 tot 1 persent onder die vlak van die ooreenstemmende tydperk in 1990 laat daal. Die versnelling in die koers van afname

### Reële bruto binnelandse besteding



### Komponente van reële private verbruiksbesteding



in die binnelandse besteding in die derde kwartaal was die gesamentlike gevolg van afnames in al die hoofkomponente van totale besteding.

Nadat die *reële private verbruiksbesteding* in die tweede kwartaal van 1991 begin daal het, het dit teen 'n vinniger koers in die derde kwartaal afgeneem. Hersiene ramings toon dat die *reële besteding aan verbruiksgoedere en dienste* in die tweede kwartaal van 1991 teen 'n jaarkoers van 1 persent afgeneem het. Dit het in die derde kwartaal nog vinniger teen 'n jaarkoers van 2 persent gedaal, wat ooreenstem met die afname in die *reële persoonlike beskikbare inkomste* as gevolg van matiger salaris- en loonaanpassings, voortgesette besnoeiings in die werkverskaffing en kleiner winste van die nie-geïnkorporeerde sakeondernehmings.


Die skerper koers van afname in die *reële private verbruiksbesteding* het hoofsaaklik in die besteding aan goedere plaasgevind, terwyl die besteding aan dienste betreklik bestendig gebly het. Nadat die *reële besteding aan duursame verbruiksgoedere* teen 'n jaarkoers van 9% persent in die tweede kwartaal van 1991 gedaal het, is in die derde kwartaal 'n verdere skerp daling teen 'n jaarkoers van ongeveer 8 persent aangegetekend. Hierdie skerp afname het uit die volgehoue daling in die verbruiksbesteding aan huishoudelike toestelle, persoonlike vervoertoerusting en sport- en ontspanningsgoedere voortgespruit. Die *reële huishoudelike verbruiksbesteding* aan semi-duursame goedere het teen 'n jaarkoers van 6% persent gedaal, terwyl selfs die besteding aan nie-duursame goedere in die derde kwartaal van 1991 teen 'n jaarkoers van 1 persent gedaal het. In teenstelling met hierdie ontwikkelings het *reële private verbruiksbesteding aan dienste* voortgegaan om bestendig te styg en is 'n koers van toename teen 'n jaarkoers van 1% persent in die derde kwartaal van 1991 aangegetekend.

Die *reële verbruiksbesteding* deur die algemene owerheid wat sedert die derde kwartaal van 1990 aansienlik gestyg het, het in die derde kwartaal van 1991 teen 'n jaarkoers van ongeveer 24 persent afgeneem. Ten spyte van hierdie daling was die *reële besteding aan verbruiksgoedere en dienste* deur die algemene owerheid in die eerste helfte van die fiskale jaar 1991/92 steeds ongeveer 9 persent hoër as in die eerste helfte van die fiskale jaar 1990/91. Hierdie hoë koers van toenemende het veroorsaak dat die verhouding van die *reële owerheidsverbruiksbesteding* tot die *reële bruto binnelandse produk* effens toegeneem het van 19 persent in 1990 tot 19% persent in die eerste nege maande van 1991.

Die *reële bruto binnelandse vaste investering* het voortgegaan om in die derde kwartaal van 1991 te daal, en die jaarkoers van afname het tot 11% persent versnel van 5 persent in die tweede kwartaal van 1991. Die *reële kapitaalbesteding* het van 'n hoogtepunt in die vierde kwartaal van 1989 tot in die derde kwartaal van 1991 met nie minder nie as 11 persent gedaal. Die vinniger koers van afname in die *reële vaste investeringsuitgawes* in die derde kwartaal is deur afnames in die *reële kapitaalvorming* van beide die private en openbare sektore veroorsaak.

Ná die opmerklike afnames in die twee voorafgaande kwartale, het die *reële vaste kapitaalvorming* deur die *private sektor* in die derde kwartaal van 1991 teen 'n jaarkoers van bykans 6 persent gedaal. Besnoeiings aan die *reële vaste investering* is veral in die sektore mynbou, fabriekswese, handel en finansies gedoen. Hoewel politieke onsekerhede, burgerlike onrus en die verdieping

### Reële bruto binnelandse vaste investering



van die afwaartse beweging tot die verdere afname in die kapitaalvorming van die private sakeondernemings bygedra het, is dit in die derde kwartaal van 1991 ook beïnvloed deur die uitstelling van kapitaalbesteding tot ná die inwerkingstelling van die belasting op toegevoegde waarde, wat ondernemings in staat sou stel om insetbelastingkrediete voortspruitend uit die aankoop van kapitaalgoedere te verhaal. Kapitaalbesteding deur die private sektor is ook voortdurend deur onbenutte produksievermoë, besuinigingsprogramme in die mynbou en die betreklik hoë rentekoste beïnvloed.

Die reële vaste investering deur die openbare sektor het teen 'n jaarkoers van ongeveer 21 persent in die derde kwartaal van 1991 gedaal teenoor 'n daling van 1% persent in die voorafgaande kwartaal. Hierdie aansienlike afname was hoofsaaklik die gevolg van 'n daling in die reële kapitaalvorming deur die openbare korporasies. Die reële vaste kapitaalbesteding deur die openbare owerhede het skerp gedaal en al die verskillende vlakke van die algemene owerheid het afnames in hul reële vaste kapitaaluitgawes getoon.

Hoewel die reële waarde van voorrade vir die negende agtereenvolgende kwartaal gedaal het, het die koers van afbouing in die derde kwartaal van 1991 verlengsaam. Hierdie kleiner afbouing was egter hoofsaaklik deur 'n toename in landbouvoorraad-in-die-handel veroorsaak. Die voorrade van die mynbou, private fabriekswese en die

handel het voortgegaan om teen 'n vinnige tempo af te neem. Die verhouding van die reële nywerheids- en handelsvoorraad tot die reële bruto binnelandse produk het gevoldig nog verder gedaal vanaf die baie laevlak van 18% persent in die tweede kwartaal van 1991 tot 18 persent in die derde kwartaal.

### Faktorinkome

Die groei van die totale nominale faktorinkome teen markprys, wat van bykans 18 persent in 1989 tot 13% persent in 1990 afgeneem het, het verder verlengsaam tot ongeveer 12% persent in die eerste drie kwartale van 1991 teenoor die eerste drie kwartale van 1990. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die nominale faktorinkome het ook verlengsaam van bykans 17 persent in die tweede kwartaal van 1991 tot 15 persent in die derde kwartaal, as gevolg van die laer koers van toename in albei komponente van faktorinkome (die vergoeding van werkneemers en die bruto bedryfsplusus).


Nadat die totale vergoeding van werkneemers teen 'n hersiene jaarkoers van ongeveer 16 persent in die tweede kwartaal van 1991 toegenem het, het dit teen 'n stadiger koers van 15% persent in die derde kwartaal gestyg. Die verlengsaming in die groeikoers van totale salarisste en lone kon aan faktore soos die laer koers van toename in die arbeidsvergoeding per werker, die afdanking van werkers en 'n toename in maatskappylukwidasies toegeskryf word; in die algemeen was dit eerder te wye aan die laervlak van die ekonomiese bedrywigheid as aan strukturele veranderings.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die nominale bruto bedryfsplusus het van 'n onlangse hoogtepunt van meer as 20 persent in die tweede kwartaal van 1991 tot 15% persent in die derde kwartaal verlengsaam. Hierdie verlengsaming is deur kleiner toenames in die bruto bedryfsplusus van die sekondêre en tersiëre sektore veroorsaak, wat vinniger koers van toenames in die landbou en mynbou geneutraliseer het. Die bedryfsplusus van baie van die nie-primêre sektore is in die algemeen nadrukkelik beïnvloed deur die skerper daling in die binnelandse finale vraag en die afname in die fisiese omvang van die invoer. Terselfdertyd het die produksiekoste voortgegaan om teen taamlik hoë koers toe te neem. Die besuinigingsprogramme in die goudmynbousektor het produksiekostestygings beperk en hoër bedryfsplusus van goudmyne tot gevolg gehad, ten spyte van die geringe toename in die randprys van goud.

### Binnelandse besparing

Bruto binnelandse besparing in verhouding tot bruto binnelandse produk het bestendig van 'n laagtepunt van 18 persent in die eerste kwartaal

### Verhouding van besparing tot bruto binnelandse besparing



van 1991 tot 19½ persent in die derde kwartaal gestyg. Op hierdie vlak is die *binnelandse besparingsverhouding* egter nog steeds baie laer as die gemiddelde waarde van 23 persent in die tachtigerjare en die waarde van 25 persent oor die afgeloep dertig jaar.

Binnelandse besparing het in die derde kwartaal van 1991 gestyg, ondanks die *netto ontsparing* deur die algemene owerheid. Vir 'n kort tydperk tydens die vier kwartale van 1990 het die algemene owerheid 'n positiewe bydrae tot besparing gemaak, maar dit is voorafgegaan deur 'n tydperk van ses jaar van ontsparing. Vanaf die eerste kwartaal van 1991 het die lopende uitgawes van die algemene owerheid die lopende inkomte weer eens oorskry. Die aansienlike stygging in die lopende uitgawes van die algemene owerheid in die eerste nege maande van 1991 kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die toename van 24% persent in die verbruiksbesteding deur die algemene owerheid en die toename van 29% persent in die rentebetmalings op die staatskuld bô die vlak van hierdie uitgawes in die coreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar. Hierbenewens het die lopende inkomte van die algemene owerheid slegs met 5 persent oor dieselfde periode toegeneem.


'n Verbetering in die besparing deur die *private sektor*, oorwegend in die netto besparing deur persone, was vir die stygging van die binnelandse besparingsverhouding verantwoordelik. Netto besparing deur die maatskappysektor het ook betreklik bestendig gebly, hoofsaaklik as gevolg van 'n toenemende bewustheid van die noodsaaklikheid van kosteberekening en 'n meer konserwatiewe dividendbeleid.

Die verhouding van die netto persoonlike besparing tot die persoonlike beskikbare inkomste het van 'n laagtepunt van minder as 1 persent in die derde kwartaal van 1990 tot ongeveer 2 persent in die derde kwartaal van 1991 toegeneem. Hoewel dit 'n bemoedigende ontwikkeling is, is die persoonlike besparingsverhouding steeds baie laag in vergelyking met die gemiddelde verhouding van net meer as 9 persent in die sestiger- en sewentigerjare. Nietemin het hierdie verbetering plaasgevind in 'n tyd waarin die koers van toename in die netto persoonlike beskikbare inkomste verlangsaam het en is dit dalk die gevolg van 'n versigtiger houding van individue teenoor die aangaan van verdere skuldbepalinge.

### Werkverskaffing

Die totale werkverskaffing buite die landbou het van die derde kwartaal van 1989 begin afneem. Die koers van afname in totale werkverskaffing was aanvanklik taamlik matig, maar het later begin om aansienlik te versnel; die afname van kwartaal tot kwartaal het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,2 persent in die derde kwartaal van 1989 tot 3,2 persent in die tweede kwartaal van 1991 gestyg. In skerp teenstelling met ander makro-economiese veranderlikes wat tydens die huidige afaartse fase betreklik bestendig gebly het, het

### Werkverskaffing in nie-landbousektore



werkverskaffing skerper afgeneem as gedurende enige van die ander konjunkturele afwaartse bewegings van die afgelope twintig jaar. Soos in die bygaande grafiek aangetoon word, het die afname in die totale werkverskaffing in die huidige afwaartse fase nog tot die derde kwartaal van 1990 gunstig vergelyk met ander ekonomiese afwaartse fases. Sedert die vierde kwartaal van 1990 het dit egter na vlakke beweeg wat aansienlik laer is as dié van vorige afwaartse bewegings.

'n Belangrike bydraende faktor tot hierdie besondere skerp afname in die werkverskaffing is die lang tydsduur van die huidige afwaartse fase; van selfs groter belang is die feit dat die afwaartse beweging begin het na 'n aantal jare van stadiqe groei in produksie en werkverskaffing. In die langdurige afwaartse van 1974-77 het die werkverskaffing byvoorbeeld voortgegaan om gedurende die eerste agt kwartale van 'n betreklik matige resessie toe te neem. Met die verdieping in die afwaartse beweging, het werkverskaffing buite die landbou afgeneem, maar dit was aan die einde van die afwaartse fase nog steeds hoër as aan die begin van die resessie.

Ander faktore het waarskynlik ook 'n belangrike bydrae gemaak tot die skerp afname in die totale werkverskaffing gedurende die huidige afwaartse fase, waaronder:

- 'n algemene toestand van onsekerheid oor die toekomstige politieke ontwikkelings, wat saam met die sporadiese binnelandse onrus 'n negatiewe uitwerking op die investering in nuwe en bestaande sakeondernemings het;
- die reeds hoë vlak van en die skerp stygings in die arbeidskoste wat nie met die betreklike oorvloed van swakker-geskoolde arbeid rekening hou nie;
- die uitwerking op bestuurslui van die "hinderlikheidelement" wat ontstaan uit vakbondvorming en politiek geïnspireerde optredes, en wat aanleiding gee tot produksieverliese as gevolg van die intimidasie van arbeiders, ongemagtigde afwesigheid, werkstopsettings en wegbllyaksies;
- die dalende neiging in vaste kapitaalvorming gedurende die tachtigerjare en die ondoeltreffende benutting van die land se kapitaalvoorraad; en
- die besuinings wat veral in die goudmynboubedryf plaasgevind het in reaksie op die algemeen lae dollarprys van goud en 'n betreklik stabiele wisselkoers van die rand, wat die goudmynne genoodsaak het om, onder andere, 'n groot aantal werknekmers af te dank ten einde produksiekoste te besnoei.

Soos verwag kon word, het die hoë koers van afname in die werkverskaffing veral in die private sektor buite die landbou voorgekom; hierdie sektor se werkverskaffing het teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 4,9 persent in die vierde kwartaal van 1990 en 5,5 en 3,8 persent in die eerste en tweede kwartaal van 1991 afgeneem. Onvolledige inligting vir die derde kwartaal dui op 'n voortsetting van hierdie neiging met verdere afnames in die arbeidsmag van die fabriekswese, die konstruksiebedryf, die elektrisiteitsopwerkingsbedryf en die mynboubedryf.

Anders as hierdie ontwikkelings, het die werkverskaffing deur die openbare owerhede teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 3,2 en 4,8 persent in die vierde kwartaal van 1990 en die eerste kwartaal van 1991 toegeneem. Sulke toenames in die werkverskaffing deur die openbare owerhede tydens konjunkturele afwaartse is, soos reeds in die *Kwartaalblad van September 1991* aangetoon, nie ongewoon nie. In die tweede kwartaal van 1991 het die werkverskaffing deur die openbare owerhede egter teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 1,9 persent afgeneem.

Die verhouding van oortydure tot gewone ure gewerk in die fabriekswese het ononderbroke van die derde kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal van 1991 afgeneem, en het in Julie 1991 min of meer horisontaal beweeg. In die konstruksiebedryf het hierdie verhouding op 'n betreklik laevlak van die tweede kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal van 1991 gebly, maar in Julie 1991 plotseling toegenem.

Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose in die Blanke, Kleurling- en Asiërbewolkingsgroepes het per saldo van 'n laagtepunt van 42 700 in Desember 1989 tot 93 800 in Augustus 1991 toegeneem. Sedert die ingebruikneming van 'n nuwe metode in die tweede helfte van 1990 om die omvang van werklootheid te meet, het wye skommelings in die werklootheidsgetalles voorgekom. Werklootheid in die eerste agt maande van 1991 was netmin 6,5 persent hoër as die gemiddelde vlak in die tweede helfte van 1990. Die seisoensaangesuiwerde totale aantal geregistreerde werklose het rondom 'n betreklik hoë gemiddelde vlak van ongeveer 230 000 sedert omrent die middel van 1990 gewissel, en het 241 500 in Augustus 1991 beloop.


#### Arbeidskoste en produktiwiteit

Ondanks die afwaartse beweging in die ekonomiese bedrywigheid, het die koers van toename in die nominale salaris- en lone per werker gedurende 1990 en die eerste kwartaal van 1991 hoog gebly. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker buite die landbou het 18,6 persent in die eerste kwartaal van 1991 bedra. In die tweede kwartaal van 1991 het dit egter op opvallende

### Gemiddelde vergoeding per werker in nie-landbousektore



### Nominale arbeidseenheidskoste in nie-landbousektore



wyse tot 13,5 persent verlangsaam. Indien dié magtiger loontoename voortduur, hou dit groot belofte in vir 'n moontlike verlangsaming van inflasie.

Die stadiger groei in die nominale salaris en lone per werker gedurende die tweede kwartaal het in die private ondernemings en die openbare owerhede voorgekom. Die koers van toename oor vier kwartale in die lone per werker in die private sektor buite die landbou het van 17,2 persent in die eerste kwartaal van 1991 tot 14,8 persent in die tweede kwartaal gedaal. Op dieselfde wyse het die nominale salaris en lone per werker in diens van die openbare owerhede, wat teen koers van meer as 20 persent in die vier kwartale tot en met die eerste kwartaal van 1991 (dit wil sê in die fisiese jaar 1990/91) toegeneem het, teen 'n koers van slegs 10,4 persent in die tweede kwartaal van 1991 gestyg.

Die verlangsaming in die toenames in die nominale loon het veroorsaak dat die reële loon per werker in die sektore buite die landbou in die tweede kwartaal van 1991 met 1,3 persent gedaal het in vergelyking met die coreenstemmende kwartaal van 1990. Hierdie daling in die reële lone het plaasgevind nadat toenames van tussen 2 en 3 persent in die drie jaar van 1988 tot 1990 voorgekom het. In die eerste kwartaal van 1991 het die koers van toename oor vier kwartale in die reële loon per werker nog steeds 3,6 persent beloop.

*Arbeidsproduktiwiteit* in die sektore van die ekonomiese buite die landbou, wat van die middel


van 1989 afgeneem het, het weer van die middel van 1990 begin toeneem. Die koers van toename oor vier kwartale in die arbeidsproduktiwiteit het skerp versnel van 0,7 persent in die derde kwartaal van 1990 tot 1,9 persent in die tweede kwartaal van 1991. Hierdie verbetering in die reële waarde van die produksie per werker kon waarskynlik toegeskryf word aan 'n vinniger afname in die aantal werkers buite die landbou werkzaam as in die omvang van produksie, eerder as aan die groter werkwyer van die arbeidsmag.

Die stijging in die arbeidsproduktiwiteit en die olongse stadiger groei in die nominale arbeidsvergoeding, het veroorsaak dat die toename oor vier kwartale in die *nominale arbeidseenheidskoste* van 'n hoë koers van 18,9 persent in die tweede kwartaal van 1990 tot 11,3 persent in die tweede kwartaal van 1991 afgeneem het. Laasgenoemde koers van toename kan ook met 'n gemiddelde koers van toename van 16,5 persent in die nominale arbeidskoste per eenheid van fisiese produksie in 1990 vergelyk word. Die koers van toename oor vier kwartale in die *reële arbeidseenheidskoste* (soos gedefleer met die prysdeler vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) het van 2,9 persent in die tweede kwartaal van 1990 tot 0,8 persent in die vierde kwartaal afgeneem. Daarna het dit tot 1,7 persent in die eerste kwartaal van 1991 versnel, voordat die reële arbeidskoste per eenheid van fisiese produksie met 2,1 persent in die tweede kwartaal gedaal het.

### Pryse

Nadat die koers van toename in die produksie- en verbruikersprysindeks in die algemeen van die tweede helfte van 1989 tot die eerste helfte van 1990

## Produksie- en verbruikerspryse



aftwaarts beweeg het, het die krisis in die Midde-Ooste en die daaropvolgende stygende oliepryse veroorsaak dat die toenamekoers van hierdie prysindekse weer in die tweede helfte van 1990 versnel. Hierdie vinniger styging in die prys kon nie slegs aan die omstandighede in die Persiese Golfgebied toegeskryf word nie. Die koers van toename in die produksieprysindeks vir binnelandse geproduceerde goedere en die omvattende verbruikersprysindeks het in der waarheid begin versnel selfs voordat die krisis 'n invloed op die verandering in binnelandse prys kon uitoeft. Ander faktore, soos die toename in arbeidskoste, stygings in die voedselpryse en voortgesette verwagtings van hoë inflasie, het waarskynlik tot die vinniger styging van die prys bygedra.

Sedert die begin van 1991 het die veranderings in die produksie- en verbruikersprysindekse aansienlik van mekaar verskil: die koers van toename in die produksieprysindeks het sy afwaartse verloop hervat, terwyl die koers van toename in verbruikerspryse op hoeëvlakte gebly het.

Die koers van toename in die produksieprysindeks oor tydperke van twaalf maande het van 10,3 persent in Julie en Augustus 1990 tot 14,6 persent in November versnel, maar daarna het dit weer tot 11,4 persent in September 1991 afgeneem. Hierdie ontwikkelings is min of meer deur soortgelyke veranderings in die prys van ingevoerde goedere beïnvloed. Die koers van toename oor tydperke van

twaalf maande in die prys van ingevoerde goedere het aanvanklik van 3,8 persent in Augustus 1990 tot 19,1 persent in November versnel, maar daarna tot 7,6 persent in April 1991 afgeneem. Vervolgens het dit weer tot 10,1 persent in September gestyg, hoofsaaklik vanweë 'n matige verswakkung van die effektiewe wisselkoers van die rand tydens hierdie typerk. Die koers van toename in binnelandse geproduceerde goedere gemeet oor tydperke van twaalf maande, het eweneens van 11,2 persent in Maart 1990 tot 13,9 persent in Maart 1991 gestyg, maar daarna tot 11,7 persent in Augustus en September verlangsaaam.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die produksieprysindeks (seisoensaangesuiwer en tot 'n jaarvlak verhef) het van 'n hoogtepunt van 20,8 persent in die vierde kwartaal van 1990 tot slegs 1,7 persent in die tweede kwartaal van 1991 gedaal – die laagste styging in die afgelope 21 jaar. Hierdie beduidend laer koers van toename in die produksieprysindeks was die gevolg van 'n buitengewone klein styging in die prys van binnelandse geproduceerde goedere en 'n daling in die prys van ingevoerde goedere. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van binnelandse geproduceerde goedere het van 14,7 persent in sowel die vierde kwartaal van 1990 as in die eerste kwartaal van 1991 tot 'n jaarkoers van slegs 5,8 persent in die tweede kwartaal van 1991 gedaal – die kleinste toename van hierdie soort sedert die styging van 5,6 persent in die derde kwartaal van 1977. Die prys van binnelandse geproduceerde goedere het daarna weer met 12,7 persent in die derde kwartaal van 1991 toegeneem.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van ingevoerde goedere, wat tot 'n buitengewone hoë jaarkoers van 53,8 persent in die vierde kwartaal van 1990 ten tye van die konflik in die Midde-Ooste gestyg het, het tot net 5,1 persent in die eerste kwartaal van 1991 afgeneem. Die verlaging van die bo-belaasting in die Begroting vir 1991/92 het daarna veroorsaak dat die prys van ingevoerde goedere teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 17,3 persent in die tweede kwartaal van 1991 gedaal het. In die derde kwartaal het dit deels vanweë 'n matige daling in die effektiewe wisselkoers van die rand weer met 13,6 persent toegeneem. Dit het die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die produksieprysindeks weer op 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 13,3 persent te staan gebring.

Hierteenoor was die bewegings in die verbruikersprysindeks taamlik teurstellend. Nadat die toename van kwartaal tot kwartaal in verbruikerspryse (seisoensaangesuiwer en tot 'n jaarvlak verhef) 'n laagtepunt van 13,5 persent in die tweede en derde kwartaal van 1990 bereik het, het dit ook hoofsaaklik vanweë die uitwerking van die hoër

internasionale ruoliepryse op die binnelandse petrolyphe tot 16,8 persent in die vierde kwartaal versnel. Daarna het dit kortstondig tot 14,1 persent in die eerste kwartaal van 1991 afgeneem, voordat dit tot 15,0 en 16,7 persent in die tweede en derde kwartaal versnel het. Hierdie versnelling in die toename van verbruikerspryse is hoofsaaklik deur ooreenstemmende hoër toenames in die prys van verbruikersgoedere veroorsaak, terwyl die prys van verbruikersdienste teen heelwat matiger koerse toegeneem het.

Die koers van toename in die verbruikerspryseindeks oor tydperke van twaalf maande wat van 13,3 persent in Julie 1990 tot 15,3 persent in November 1990 toegeneem het, het slegs effens tot 14,1 persent in Maart 1991 gedaal toe binnelandse brandstofpryse verlaag is. Daarna het dit selfs tot 'n hoër koers van 15,8 persent in Julie 1991 versnel, grotendeels as gevolg van stygings in die prys van goedere soos voedsel, klerasie en skoeisel. Die koers van toename in die omvattende verbruikerspryseindeks het daarna ietwat afgeneem tot 15,6 en 15,4 persent in Augustus en September 1991. Hierdie koersse is beïnvloed deur die toepassing van nuwe gewigte (wat van die waargenome bestedingspatrone van 'n verteenwoordigende steekproef van huishoudings in 1990 afgelê is) om die pryseindeks te bereken. Die gewig van verbruikersgoedere in die berekening van die omvattende verbruikerspryseindeks het volgens die resultate van hierdie opname van 60,5 persent (1985-gewigte) tot 57,9 persent (1990-gewigte) afgeneem, terwyl dié van verbruikersdienste van 39,5 persent tot 42,1 persent toegenomen het.

Die Sentrale Statistiekdiens bereken ook alternatiewe koersse van toename in die verbruikerspryseindeks. Terwyl die amptelik gepubliseerde koersse van verandering oor twaalf maande steeds gedeeltelik deur die 1985-gewigstelsel beïnvloed word (omdat die indekswaarde vir 1991 – volgens 1990-gewigte – met die indekswaarde vir 1990 – volgens 1985-gewigte – vergelyk word), word die alternatiewe koersse van toename verkry deur die indekswaarde vir 1990 en 1991, wat albei volgens die 1990-gewigte opgestel is, met mekaar te vergelyk. Die alternatiewe koersse van toename oor twaalf maande van die verbruikerspryseindeks het 13,7, 13,9 en 13,7 persent in Julie, Augustus en September 1991 beloop.


## Betalingsbalans en wisselkoerse

### Lopende rekening


'n Verdere oorskot op die lopende rekening van Suid-Afrika se betalingsbalans is gedurende die derde kwartaal van 1991 aangeteken. Indien seisoensveranderings uitgeskakel word, was dit die sewe-en-twintigste opeenvolgende kwartaalliklike oorskot. Die oorskot op die lopende rekening teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het boonop van 'n laagtepunt van R1,5 miljard in die eerste kwartaal van 1991 tot R6,2 miljard in die tweede kwartaal en tot R9,7 miljard in die derde kwartaal gestyg, of van 0,5 persent van die bruto binnelandse produk tot onderskeidelik 2,1 persent en 3,2 persent. In die eerste nege maande van 1991 was die totale onaangesuiwerde oorskot R4,3 miljard, vergeleke met R3,5 miljard in die ooreenstemmende tydperk van 1990. Vir 1991 in sy geheel kan waarskynlik 'n totale oorskot van ten minste R6 miljard op die lopende rekening van die betalingsbalans behaal word.

Die aansienlike toename in die oorskot op die lopende rekening in die derde kwartaal van 1991 was die gevolg van 'n verbetering in al die komponente van die handelsrekening: die goedere-

### Betalingsbalans



### Goedere-uitvoer



uitvoer het aansienlik gestyg, die invoer het matig gedaal en die netto gouduitvoer het effens toegenem. Aan die ander kant het die netto dienste- en oordragbetelings aan nie-inwoners weer effens gestyg nadat skerp dalings in die voorafgaande twee kwartale ondervind is.

Die waarde sowel as die hoeveelhede van die goedere-uitvoer het gedurende die derde kwartaal van 1991 tot nuwe rekordvlakke toegenem. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R48,6 miljard was die waarde van die goedere-uitvoer in

die derde kwartaal ongeveer 6 persent hoër as in die tweede kwartaal van 1991. Hierdie toename kan bykans in 'n gelyke mate aan hoeveelheids- en prysstygings toegeskryf word.

Ondanks die algemeen stadiger pas van ekonomiese bedrywigheid in Suid-Afrika se belangrikste handelsvennootlande en die oënskynlike klein toename in die reële wêreidhandel gedurende die eerste nege maande van die jaar met 4% persent teenoor dieselfde tydperk gedurende 1990 toegenem. Die aansienlik hoë uitvoer van vervaardigde goedere is in 'n sekere mate deur die laer uitvoer van landbouprodukte geneutraliseer, terwyl die uitvoer van mynbouprodukte op bykans dieselfde vlak as in die tweede kwartaal gebly het. Die voortgesette goede uitvoervertoning het waarskynlik hoofsaaklik verband gehou met 'n mededingende wisselkoers van die rand en die trae binnelandse ekonomiese toestande wat sommige van die plaaslike vervaardigers gedwing het om alternatiewe afsetgebiede te vind.

Alhoewel die dollarpryse van grondstowwe op internasionale markte gedurende die derde kwartaal van 1991 verder gedaal het, het die randpryse van die goedere-uitvoer weer eens skerp gestyg. Internasionale grondstofpryse het met 30 persent van 'n hoogtepunt in die middel van 1988 tot die derde kwartaal van 1991 gedaal, terwyl die prys van Suid-Afrika se goedere-uitvoer oor dieselfde tydperk met 18 persent toegenem het en die nominale effektiewe wisselkoers van die rand slegs matig gedaal het. Dit word verduidelik deurdat die grootste deel van die prys van Suid-Afrika se uitvoer egter in VSA-dollars uitgedruk word; van die middel van 1988 tot in die derde kwartaal van 1991 het die waarde van die rand teenoor die dollar met nie minder nie as 23 persent gedepresieer.

Die netto gouduitvoer teen 'n seisoensaange-

### Lopende rekening van die betalingsbalans Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde

	1990				1991		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw	3e kw
Goedere-uitvoer .....	41,7	39,5	42,8	45,5	41,8	45,9	48,6
Netto gouduitvoer .....	17,8	18,5	18,0	18,0	17,3	20,0	20,1
Goedere-invoer .....	-43,6	-44,1	-46,5	-42,2	-47,5	-50,2	-49,1
Netto dienste- en oordragbetelings .....	-10,3	-10,3	-10,1	-11,6	-10,1	-9,5	-9,9
Saldo op lopende rekening .....	5,6	3,6	4,2	9,7	1,5	6,2	9,7

suiwerde jaarkoers het net effens van R20,0 miljard in die tweede kwartaal van 1991 tot R20,1 miljard in die derde kwartaal gestyg. Hierdie toename het plaasgevind ten spyte van 'n daling in die gemiddelde dollarprys van goud van VSA\$361 tot VSA\$358 per fyn ons oor dieselfde tydperk; die depressie van die rand teenoor die dollar het veroorsaak dat die randprys van R1 010 tot R1 024 per fyn ons gestyg het. Die fisiese omvang van die netto gouduitvoer het in die derde kwartaal van 1991 effens met ½ persent teruggesak.



Nadat die waarde van die goedere-invoer (teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers) van R42,2 miljard in die vierde kwartaal van 1990 tot R50,2 miljard in die tweede kwartaal van 1991 toegeneem het, het dit in die derde kwartaal tot R49,1 miljard afgeneem. Die jongste daling word verklaar deur 'n afname van 4 persent in die invoerhoeveelheid, wat

gevolg het op toenames in die invoerhoeveelheid in die eerste helfte van die jaar as gevolg van die invoer van twee makrostralers en die verskerpte invoer van mineralaproducte. Invoerprys het in die derde kwartaal van 1991 met ongeveer 2 persent gestyg vanweë die hoër internasionale oliepryse, klein toenames in ander invoerprys en 'n daling in die effektiewe wisselkoers van die rand.

Die invoerpenetrasieverhouding (die verhouding van die reële goedere-invoer tot die reële bruto binneklandse besteding) het van 24,5 persent in die tweede kwartaal van 1991 tot 23,9 persent in die derde kwartaal gedaal. Hierdie vlak was nog steeds hoër as die gemiddelde van 22,5 persent vir 1990 en slegs effens laer as die vlak van 24,5 persent waardat aan die begin van die huidige afaartse fase in ekonomiese bedrywigheid te staan gekom het. Die betreklik hoë invoerpenetrasieverhouding is natuurlik in 'n groot mate 'n weerspieëling van die matige huidige afaartse beweging van ekonomiese bedrywigheide.

Die netto dienste- en oordragbelittings aan nie-inwoners het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van die buitengewone høë lakk van R11,6 miljard in die vierde kwartaal van 1990 tot R9,5 miljard in die tweede kwartaal van 1991 gedaal, maar het in die derde kwartaal weer effens tot R9,9 miljard gestyg. Hierdie ommekeer was die gevolg van groter besteding deur toeriste in die buiteland en laer dividendinkomste op beleggings wat in ander lande gemaak is.

#### Reële goedere-invoer



#### Kapitaalrekening

Die totale netto uitvloeiing van kapitaal wat nie aan reserves verwant is nie het van R2,1 miljard in die tweede kwartaal van 1991 tot slegs R0,1 miljard in die derde kwartaal gedaal. Die totale netto uitvloeiing van kapitaal van R1,4 miljard gedurende die eerste nege maande van 1991 was egter hoër as die uitvloeiing van R1,1 miljard in die coreenstemmende tydperk van 1990, maar steeds heelwat minder as die uitvloeiing van R2,9 miljard gedurende 1990 in sy geheel.

'n Netto uitvloeiing van langtermynkapitaal van R1,4 miljard is gedurende die derde kwartaal van 1991 aangeteken vanweë in 'n groot mate die terugbetaling van skuld binne die stilstandnet ten bedrae van sowat VSA\$180 miljoen (R500 miljoen) ingevolge die Derde Tussentydse Skuldrexelings met buitelandse krediteurbanke. Ongeveer \$480 miljoen van die uitstaande geaffekteerde skuld van net minder as \$7,0 miljard aan die begin van die Derde Tussentydse Skuldrexelings is nou reeds terugbetaal. Indien die omskakeling van skuld na langtermynlenings en van skuld na eienaarsbelang ingevolge ruiloooreenkoms in aanmerking geneem word, is die uitstaande geaffekteerde skuld van die land tans waarskynlik digby \$6 miljard.

Hierdie terugbetalings van skuld binne die stilstandnet was gedeeltelik verantwoordelik vir die ommeswaai van die besliste verbetering van die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal wat sedert die vierde kwartaal van 1990 ondervind is. Die groter uitvloeiing van langtermynkapitaal in die derde kwartaal van 1991 vergeleke met die tweede kwartaal, was egter ook die gevolg van die Suid-Afrikaanse Lugdiens wat 'n groot deel van die aankoopsom van nuwe vliegtuie in die voorafgaande twee kwartale met buitelandse fondse gefinansier het, en dat sulke transaksies nie ook in die derde kwartaal voorgekom het nie. Die bedrag aan projekfinansiering wat deur openbare korporasies in die derde kwartaal in die buiteland verky is, was ook opvallend kleiner as die gemiddelde bedrag van sulke finansiering wat in die afgelope ses kwartale bekom is, en dit het waarskynlik met die afloop van die Mossgasprojek verband gehou.

Op 19 September 1991 is 'n openbare uitgifte van DM400 miljoen suksesvol op die Duitse kapitaalmark van stapel gestuur. Dit was die eerste uitgifte van hierdie soort sedert die aanvang van die stilstandreelings in September 1985. Die werklike invloeiing van kapitaal het egter eers op 11 Oktober 1991 plaasgevind; hierdie lening sal dus in die vierde kwartaal op die kapitaalrekening van die betalingsbalans aangeteken word. 'n Deel van hierdie lening (DM217 miljoen) sal aangewend word vir die terugbetaling van 'n bestaande lening wat in Desember 1991 vervul.

Die netto korttermynkapitaalbewegings wat nie aan reserwes verwant is nie, het voortgegaan met die onbestendige patroon van 'n uitvloeiing in een kwartaal, gevolg deur 'n invloeiing in die volgende

kwartaal en weer 'n uitvloeiing in die daaropvolgende kwartaal. Hierdie onbestendige korttermynkapitaalbewegings - wat in 1990 begin het - is 'n aanduiding van normale korttermynkapitaalbewegings wat hoofsaaklik deur ekonomiese oorwegings soos veranderings in die waarde van die buitelandse handel, die verwagte wisselkoersbewegings, relatiewe rentekoers en die koste van termyndekking beïnvloed word.

#### Buitelandse reserwes

Die oorskot op die lopende rekening (onaangesuiwer vir seisoenale faktore) het R2,1 miljard in die derde kwartaal van 1991 beloop en die netto uitvloeiing van kapitaal oorskry, en derhalwe 'n stygging in Suid-Afrika se netto goud- en ander buitelandse reserwes van R2,0 miljard oor hierdie tydperk tot gevold gehad. Dit het die toename in die netto reserwes oor die eerste nege maande van 1991 op R3,0 miljard te staan gebring, nadat 'n toename van R2,9 miljard in 1990.


'n Groot deel van die toename in die netto buitelandse reserwes het weer eens die vorm aangeneem van 'n daling in die land se kaste verwant aan reserwes. Nadat waardasie-aansuiwerings in aanmerking geneem is, het die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes matiger as die netto reserwes met R0,9 miljard tot R9,6 miljard aan die einde van September 1991 toegeneem. In VSA-dollars gewaardeer het die totale bruto reserwes \$3,4 miljard beloop; ongeveer dieselfde vielsk as aan die einde van Mei 1988, maar steeds gelyk aan die waarde van slegs omrent twee maande se invoer van goedere en dienste. In Oktober het die bruto reserwes van die Reserwebank met 'n verdere R0,6 miljard gestyg.

#### Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

R miljoene

	1990				1991		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw	3e kw
<b>Langtermynkapitaal</b>							
Openbare owerhede .....	-206	-673	47	-328	-167	116	-398
Openbare korporasies.....	473	-35	279	173	188	345	-183
Private sektor .....	-1 204	-482	495	-484	-604	-787	-774
<b>Totale langtermynkapitaal .....</b>	<b>-937</b>	<b>-1 190</b>	<b>821</b>	<b>-639</b>	<b>-583</b>	<b>-326</b>	<b>-1355</b>
Korttermynkapitaal, insluitende onaange-tekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes.....	531	-1 000	694	-1 154	1 362	-1 748	1258
<b>Totale kapitaalbewegings, uitsluitende laste verwant aan reserwes.....</b>	<b>-406</b>	<b>-2 190</b>	<b>1 515</b>	<b>-1 793</b>	<b>779</b>	<b>-2 074</b>	<b>-97</b>

### Bruto goud- en ander buitelandse reserwes



### Veranderings in die wisselkoers van die rand %

	31 Des 1990 tot 30 Mrt 1991	30 Jun 1991 tot 31 Okt 1991	30 Jun 1991
Geweegde gemiddelde ..	-0,8	-3,1	-1,6
VSA-dollar .....	-6,2	-5,3	2,0
Brise pond .....	3,6	0,8	-4,5
Duitse mark .....	7,2	-0,5	-5,2
Japanse yen .....	-2,9	-6,3	-3,5
Nederlandse gulden .....	7,7	-0,8	-5,2
Italiaanse lire .....	6,2	-0,6	-4,7
Finansiële rand .....	3,4	-1,4	6,1

geldeenheid van al Suid-Afrika se ander belangrikste handelsvennootlande gedepresieer. Dit het tog gevolg gehad dat die effektiewe wisselkoers van die rand oor hierdie vier maande met 1,6 persent gedaal het. Die nominale effektiewe wisselkoers van die rand het nou sedert die einde van 1990 tot aan die einde van Oktober 1991 met 5½ persent gedaal.


Die daling in die nominale effektiewe wissel-

Hierdie toenames in die totale bruto buitelandse reserwes was weer hoofsaaklik in die goudkomponent van die reserwes waarneembaar. Die goudreserwes van die land het van 4,1 miljoen fyn onse aan die einde van Desember 1990 tot 6,4 miljoen fyn onse aan die einde van Oktober 1991 gestyg. Hierdie toename was deels te wyte daarvan dat 'n deel van die goudproduksie van die myne nie onmiddellik op die internasionale markte verkoop is nie; maar die Reserwebank het egter ook 'n groot hoeveelheid Krugerrande van die binnelandse private sektor aangekoop.

### Wisselkoers

Nadat die nominale effektiewe wisselkoers van die rand matig met 0,8 persent in die eerste kwartaal van 1991 gedaal het, het hierdie afwaartse beweging in die gemiddelde geweegde wisselkoers van die rand tot 'n koers van 3,1 persent in die tweede kwartaal versnel. Gedurende hierdie tydperk het die rand skerp gedepresieer teenoor die VSA-dollar en die Japanse yen toe albei hierdie geldeenhede sterk op die internasionale markte vertoon het. Gedurende die derde kwartaal en in Oktober 1991 het die dollar die meeste van sy krag in die belangrikste valutamarkte verloor, veral nadat 'n verdere daling in die VSA-rentekoersse op 13 September 1991 plaasgevind het. Gevolglik het die rand teenoor die dollar geappresieer; die rand het steeds teenoor die

### Finansiële-randdiskonto



koers van die rand gedurende die eerste nege maande van 1991 het die verskil tussen die inflasiekoers van Suid-Afrika en dié van sy belangrikste handelsvennootlande meer as ten volle geneutraliseer. Die reële effektiwe wisselkoers het derhalwe van Desember 1990 tot September 1991 ook effens met 0,6 persent gedaal.

Die finansiële rand, wat teen die einde van 1990 begin het om skerp te appresieer, het gedurende die derde kwartaal van 1991 en Oktober 1991 voortgegaan om te verstewig. Sedert die einde van Junie 1991 tot aan die einde van Oktober het die finansiële rand met 6,1 persent teenoor die VSA-dollar geappresieer, vergeleke met 'n appresiasie van 2,0 persent van die kommersiële rand. Die finansiële-randdiskonto het gevoldigk oor dieselfde tydperk van 13 persent tot 9 persent vernou. Hierdie verbetering in die finansiële-randdiskonto het veral voorgekom sedert sanksies deur Japan opgehef is en 'n verbetering in die houding van die Statebondslande teenoor Suid-Afrika ingetree het.

## Finansiële markte

### Geldvoorraad

Die groeikoers van al die enger monetêre totale het in die derde kwartaal van 1991 skerp versnel. Hierdie vinniger groei in die geldvoorraad was hoofsaaklik die gevolg van veranderings in die regulasies onder die Wet op Depositonemende Instellings. Hierdie veranderings het tot gevolg gehad dat buitebalansstaatposte na konvensionele deposito's en bates omgeskakel is, wat die gemete geldvoorraad en bankkrediet laat toeneem het. Die koers van toename in *M1A* oor tydperke van twaalf maande, het van 14,3 persent aan die einde van Desember 1990 tot 17,0 persent aan die einde van Junie 1991 en tot 26,2 persent aan die einde van September toegeneem. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die koers van toename in *M1* oor twaalf maande eers van 15,9 persent aan die einde van Desember 1990 tot 15,5 persent aan die einde van Junie 1991 afgeneem, voordat dit weer tot 24,4 persent aan die einde van September toegeneem het. Gemeet oor tydperke van twaalf maande, het die koers van toename in *M2* in die eerste ses maande van 1991 van 13,1 persent aan die einde van Desember 1990 tot 20,3 persent aan die einde Junie 1991 toegeneem. Daarna het dit op hierdie hoogvlak gebly en slegs effens verder tot 22,9 persent aan die einde van September gestyg.

Nadat dit van 'n hoogtepunt van 27,5 persent in Augustus 1988 tot 10,2 persent in Januarie 1991 teruggesak het, het die koers van toename van *M3* oor twaalf maande weer in Februarie tot 15,9 persent gestyg en daarvan om hierdie vlak tot aan die einde van Oktober gewissel. Gemeet vanaf die "riglyn"-basis in die vierde kwartaal van 1990, het die groei in *M3* bokant die boonste grens van die geldvoorraadriglyne van 8 tot 12 persent vir 1991 gebly. Indien toegelaat word vir die invloed van veranderings in die regulasies het die onderliggende koers van toename in *M3* betreklik laag gebly. Dit blyk duidelik uit die groei in *M3* soos vanaf die einde van Februarie tot einde Oktober gemeet, wat teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers op 7,9 persent te staan gekom het. Hierdie matige groeikoers was 'n weerspieëling van die afkoeling in die ekonomie en die hoër maar meer stabiele rentekoers wat sedert 1989 gehandhaaf is.

*M3* is in die derde kwartaal van 1991 ook minder deur herintermediariesverskynsels beïnvloed as wat in die eerste helfte van die jaar die geval was. Dit word aangedui deur die veranderings in die inkomloopsnelheid van *M3*. Nadat die omloopsnelheid van die tweede tot die vierde kwartaal van 1990 feitlik konstant gebly het, het dit in die eerste kwartaal van 1991 met 2½ persent en in die tweede kwartaal met 'n verdere 1½ persent afgeneem.

Gedurende die derde kwartaal van 1991 is die betreklik stadige groei in M3 - slegs 7,3 persent teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers - in 'n toename van 2 persent in die omloopenheid weerspieël.

Die monetêre groothed wat die minste deur die veranderings in die regulasies geraak is, is waarskynlik note en munte in omloop buite die monetêre instellings. Die koers van toename in hierdie grootheid oor twaalf maande gemeet, het drasties afgeneem van ongeveer 17 persent in die eerste drie maande van 1991 tot gemiddeld slegs 7,8 persent in die drie maande tot aan die einde van September. Hierdie groei is derhalwe heelwat laer as die inflasiekoers. Soos in die bygaande grafiek aangedui word, neig veranderings in die groeikoers oor twaalf maande in note en munte in omloop (wat oor die algemeen met 'n tydsloering met veranderings in bruto binelandse besteding in verband gebring kan word) gewoonlik om die veranderings in die koers van toename oor twaalf maande van inflasie in die verbruikersprysindeks te lei. Die jongste ontwikkelings in die groei van hierdie groothed kan derhalwe as bemoedigend vir die waarskynlike toekomstige verloop van inflasie vertolk word. Soos alle ander groothede, het hierdie aanwyser egter ook sekere belangrike tekortkominge wat in gedagte gehou moet word; daaronder tel sy mislukking as 'n leidende aanwyser van inflasie in 1985 en 1986 toe die skerp depresiasi van die wisselkoers van die rand die inflasiekoers, ten spyte van resessietoestande en stadige monetêre groei, gestuur

het. 'n Meer grondliggende beswaar is die gemak waarmee kontant en ander betaalmiddelle mekaar kan vervang en die moontlikheid van struktuurverandering, wat ook die groei in note en munte kan beïnvloed en dit minder betroubaar as 'n aanwyser van moontlike inflasieverwikkellings kan maak.


Uit 'n statistiese of rekenkundige oogpunt beskou is die seisoensaangesuiwerde toename in M3 van R2,2 miljard gedurende die derde kwartaal van 1991 deur 'n aansienlik groter toename van nagenoeg R6 miljard in monetêre instellings se eise teen die binelandse private sektor veroorsaak. 'n Aansienlike toename in die monetêre sektor se netto goud-en ander buitelandse reserwes wat op R1,5 miljard te staan gekom het, is ook in die drie maande tot aan die einde van September aangegeteken. Netso eise teen die regeringssektor was gedurende dieselfde periode betreklik stabiel, en het met slegs R0,4 miljard toegeneem. Hierdeenaar het die "netto ander bates" van monetêre instellings in die derde kwartaal van 1991 wesenlik afgeneem, onder meer vanweë hierdie instellings se opbouwing van kapitaal en reserwes en 'n toename in lenings ontvang kragtens terugkoopoordeelkomste.

#### Kredietverlening deur monetêre instellings

Die groei in monetêre instellings se kredietverlening aan die binelandse private sektor het in die loop van 1991 meer gelyk verloop. Die koers van toename in krediet verleen aan die binelandse private sektor gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, wat van 'n hoogtepunt van 29,2 persent in Oktober 1988 tot 12,8 persent in Januarie 1991 verlangsaam het, het weer hoogsaaklik as gevolg van die regulasiewysings waarna reeds vroeër verwys is tot 18,7 persent in Februarie 1991 toegeneem. Daarna het dit tot 15,7 persent in Julie 1991 gedaal, voordat dit weer tot 18,5 persent in September toegeneem het. Van die einde van Februarie 1991 (die maand waarin die nuwe regulasies in werking getree het) tot die einde van September het die groei in monetêre instellings se eise teen die binelandse private sektor (seisoensaangesuiwer en tot 'n jaarkoers verhef) op 14,1 persent te staan gekom - 'n duidelike teken dat die publiek minder gebruik gemaak het van krediet wat deur depositonemende instellings voorsien is.


Hierdie groei in krediet wat naastenby gelyk aan of onder die inflasiekoers is lewer bewys van die kumulatiewe invloed van positiewe reële rentekoersse en die algemene slappe in die ekonomiese. Dit is waarskynlik ook 'n aanduiding van huishoudings se toenemende huiwering om verbruikerskrediet verder uit te brei, en van die besnoeling van besteding deur sakeondernemings onder huidige omstandighede. Sekere monetêre instellings het ook minder akkommoderend begin raak ten opsigte van verdere kredietverlening aan hulle kliënte in die algemeen.

#### Note en munte in omloop en verbruikerspryse



Verskillende skaale is vir note en munte en vir verbruikerspryse gebruik omdat die reeksse se swaaiwydtes verskil.

### Kredietverlening aan die private sektor



Soos reeds in die Kwartaalblad van September 1991 aangedui, het totale kredietverlening meer lewenskragtig vertoon as krediet wat meer met duursame verbruiksbesteding en investering verband hou; die koers van toename oor twaalf maande in huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering het van 17,4 persent in Desember 1990 tot 11,5 persent in September 1991 afgeneem. Net so het die koers van toename gemeet oor twaalf maande in uitstaande saldo's op kredietkaartrekeninge in September 1991 op slegs 15,2 persent te staan gekom, teenoor 19,1 persent in Desember 1990 en 32,2 persent in Desember 1989.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings het die groei in monetêre instellings se verbandvoorskotte steeds die inflasiekous oorskry. Die koers van toename oor twaalf maande in verbandvoorskotte het effens gestyg van 14,7 persent in Desember 1990 tot 17,5 persent in September 1991. Hierdie betreklik hoë groeikoerse in verbandvoorskotte het moontlik ten dele gedui op die stadiger terugbetaling van kapitaal weens knap finansiële toestande, en op die gebruik van hierdie geriewe deur huiseienaars (wie se eiendom met verloop van tyd in waarde vermeerder het) om die aankoop vanveral duursame goedere te financier. Terselfdertyd het die laer kapitaalvereistes op verbandvoorskotte vergeleke met algemene voorskotte, ook sommige banke

aangespoor om hierdie vorm van kredietverlening aan te moedig.


*Wissels verdiskonter en beleggings* het in die twaalf maande tot einde September 1991 onderskeidelik met 10,9 persent en 80,1 persent gestyg; die aansienlike persentasiestyging in beleggings verbloeem egter die feit dat die absolute toename op slegs R2,4 miljard te staan gekom het.

### Geldmarktoestand en Reserwebankoptrede in die geldmark

Die *geldmarktoestand*, wat reeds in die laaste maande van 1990 merkbaar verruum het, het gedurende die eerste elf maande van 1991 toenemend likwied geraak. Die gemiddelde daaglikske viak van akkommodasie by die Reserwebank se diskontovenster het van R2,3 miljard in sowel Desember 1990 as in Januarie 1991 tot R1,4 miljard in April afgeneem. Daarna het dit effens tot R2,2 miljard in Julie gestyg voordat dit in September tot R1,4 miljard en in Oktober tot R1,5 miljard gedoen het. Sedert die einde van April 1991 het die akkommodasie hoofsaaklik uit herdiskonterde wissels bestaan. Die feit dat depositonemende instellings nie van oornaglenings gebruik gemaak het nie, bevestig die ruimer toestand wat in die geldmark heers.

Die voortdurende verbetering in die algehele betalingsbalansposisie was hoofsaaklik vir hierdie ruimer toestand verantwoordelik. Verkope van Krugerrande deur die binnelandse private sektor aan die Reserwebank het ook tot die likwiditeit in die

### Akkommodasie by die diskontovenster



geldmark in 1991 bygedra. Daarbenewens is laer kontantreserwevereistes vir depositonemende instellings van Maart tot Junie 1991 ingefaseer. Laastens het die tekorte wat die Reserwebank in die tweede en derde kwartaal van 1991 ten opsigte van termynvalutadekking aangegeteken het, ook tot die ruimer ondertoon in die geldmark bygedra.

Die gemiddelde daaglikse vlak van regeringsdeposito's by die Reserwebank het vir die maande Julie tot Oktober 1991 min of meer op dieselfde vlak gebly. Die gemiddelde vlak van hierdie deposito's, wat van R7,6 miljard in Januarie 1991 tot R5,7 miljard in April algemeen en weer tot R9,5 miljard in Julie 1991 toegeneem het, het in September op R8,3 miljard en in Oktober op R9,1 miljard te staan gekom. Ewentens het die gemiddelde daaglikse bedrag aan note in omloop buite die Reserwebank gedurende die tydperk Julie tot Oktober 1991 redelik stabiel gebly. Albei hierdie faktore het dus nie die reeds hōe onderliggende vlak van likwiditeit in die geldmark verder vererger nie.

Ten einde sy herdiskonteringskoers effektiel te hou en om cordrewe verwagtings van 'n verlaging in geldmarkrentekoers te voorkom, was die Reserwebank se optrede daarop gemik om oortollige likwiditeit te neutraliseer. In hierdie verband is daar op groot skaal van valutaruiltransaksies met die groter bankinstellings en die uitreiking van spesiale skatkiswissels met 'n kort looptyd gebruik gemaak. Die maandelikse maksimumwaarde van valutaruiltransaksies het derhalwe van R0,9 miljard in Januarie 1991 tot R2,6 miljard in Junie en verder tot R4,3 miljard in Oktober toegeneem. Teen die middel van November het dit 'n nuwe rekordwaarde van R4,8 miljard bereik. Die uitreiking van spesiale skatkiswissels met 'n kort looptyd het in Augustus 1991 'n hoogtepunt van R1,8 miljard bereik en toe tot 'n maksimumwaarde van R1,0 miljard in Oktober afgegneem.

Netto verkope van staatselfekte deur die Reserwebank het in die tweede kwartaal van 1991 op R2,8 miljard en in die derde kwartaal op R3,7 miljard te staan gekom. Van die begin van Oktober tot die middel van November is 'n verdere R3,4 miljard se netto verkope van effekte aangegeteken. Dit het die totale netto verkope van staatselfekte in die fiskale jaar 1991/92 op R9,9 miljard te staan gebring, of slegs effens minder as die begrote tekort voor lenings. Die ooreenstemmende totaal tot die middel van November 1990 was R5,9 miljard. Die Reserwebank se bruto transaksies in staatselfekte het in die tweede kwartaal op R9,7 miljard en in die derde kwartaal op nie minder nie as R16,5 miljard te staan gekom. Hierdie toename in omset het tot die hoër vlak van bemerkbaarheid van staatselfekte bygedra. Die waarde van die Reserwebank se transaksies in verhandelde opsies in staatselfekte het ook van R6,3 miljard in die tweede kwartaal van 1991 tot R7,4


miljard in die derde kwartaal toegeneem.

Die bedrag aan skatkiswissels wat op die weeklike tender aangebied is, is ook periodiek gedurende 1991 verhoog. Aan die begin van die jaar is skatkiswissels ter waarde van R100 miljoen elke week op tender aangebied. Hierdie bedrag is van 5 April tot R130 miljoen, van 30 Mei tot R150 miljoen en van 1 November tot R200 miljoen verhoog.


#### Geldmarkrentekoers

Die geleidelike daling van die meeste geldmarkrentekoers, wat reeds so vroeg as Februarie 1990 begin het, het dwarsdeur die eerste elf maande van 1991 voortgeduur. Die markkoers op likwiditeitsbankaksepte van drie maande het teen die middel van November op 16,50 persent te staan gekom; dit was meer as twee persentasiepunte laer as sy hoogtepunte aan die einde van 1989 en aan die begin van 1990, en 1,00 persentasiepunt laer as die

#### Reële minimum uitleenkoers van banke



### Opbrengskoerskrommes vir verhandelbare depositosertifikate



was die jongste vlakte van Suid-Afrika se reële primakoers betreklik laag. In die bygaande grafiek waarin uitgesekte lande se minimum uitleenkoerse vir September 1991 (die jongste maand waarvoor gevind word) vergelyk word, is Suid-Afrika se reële primakoers op oortrekings vergelykenderwys betreklik laag. In sekere lande waar 'n beperkende monetêre beleid gevold word, soos Spanje, Australië en Nieu-Seeland, het reële koerse van tussen 10 en 12 persent in September gegeld.

In die lig van die ruimer geldmarkloesstand het die gedeelte van die opbrengskoerskromme met onverstreke looptye van 'n jaar en korter vanaf September 1991 vir die eerste keer sedert Junie 1989 'n "normale" helling begin vertoon, hoewel dit steeds net effens opwaarts verloop het. Dit het die profiel van drakoste wesenlik verander, wat met die opbou van langtermynbates deur beleggers saamhang. Hierdie ontwikkeling het leners ook moontlik begin aanspoor om skuld op kort termyn eerder as op ietwat langer termyn aan te gaan.

### Kapitaalmarkgebeure

Die handelsbedrywigheid op die sekondêre kapitaalmarkte in die derde kwartaal van 1991 is hoofsaaklik deur twee faktore beïnvloed: 'n aanmerklike verdere toename in die opbrengskoers op langtermyneffekte en besorgdheid oor 'n moontlike afwaartse aanpassing in aandeelprysse. Albei hierdie faktore het tot 'n afname in bedrywigheid in dié kwartaal geleei.

Die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het van R26,8 miljard in beide Julie en Augustus 1991 tot R12,3 miljard in September teruggesak, terwyl opbrengskoerse voortdurend gestyg het. Handelsbedrywigheid het egter weer opmerklik tot R25,1 miljard in Oktober toegeneem namate die opbrengskoers op sulke effekte begin daal het. Die verandering in die opbrengskoers op hierdie effekte tesame met die opmerklike verstewiging van die finansiële rand, het 'n soortgelyke patroon in die netto aankope van effekte van die openbare sektor deur nie-inwoners tot gevolg gehad. Op 'n maandelikse grondslag het die waarde van hierdie netto aankope deur nie-inwoners van R265 miljoen in Julie 1991 tot R94 miljoen in September afgeneem, en daarnde tot R216 miljoen in Oktober toegeneem. Vir die derde kwartaal as geheel het die waarde van verhandelde effekte van die openbare sektor R65,9 miljard bedra, vergeleke met R55,3 miljard in die tweede kwartaal van 1991.


Die waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het met die stygging in aandeelprysse van R4,9 miljard in die eerste kwartaal van 1991 tot R6,0 miljard in die tweede kwartaal en tot R6,4 miljard in die derde kwartaal toegeneem. Onsekerheid oor bewegings in aandeelprysse het egter veroorsaak dat handelsbedrywigheid

Reserwebank se herdiskonteringskoers vir sulke aksepte. Dit het duidelik getoon dat die onderliggendevlak van die likwiditeit in die mark hoog was, dat die beskikbaarheid van buitelandse financiering besig was om toe te neem en dat markdeelnemers verwag het dat die volgende aanpassing in die Bankkoers afwaarts sou wees. Dit is bevestig deur die feit dat die verstewiging in daggeldkoerse wat gewoonlik oor maandeindes voorkom, sedert Augustus tot nagenoeg 0,25 persentasiepunte beperk was, teenoor 0,50 persentasiepunte in Julie 1991 en 2,75 persentasiepunte oor die maandeinde in Junie 1990.

As gevolg van die inwerkingtreding van 'n belasting op finansiële dienste, is die primakoers op oortrekings van die verrekeningsbankie op 1 Oktober 1991 met 0,25 persentasiepunte tot 20,25 persent verhoog. Dit het egter geen wesenlike invloed op die meeste ander geldmarkkoerse gehad nie. In werklikheid het die gemiddelde vlak van daggeldkoerse, wat sedert April 1991 op 16,8 persent en in September op 16,7 persent te staan gekom het, in Oktober effens tot 16,2 persent afgeneem. Monetêre instellings het egter hul marges tussen uitleen- en depositokoerse effens vergroot om fondse vir die belasting te verkry.


Die primakoers op oortrekings in Suid-Afrika aangepas vir inflasie het afwaarts gewissel van ongeveer 6 persent in Januarie 1991 tot slegs 4 persent in September 1991. Internasionaal vergeleke

### Efektebeurstransaksies



gedurende die derde kwartaal van R2,5 miljard in Julie tot R1,7 miljard in September afgeneem het, maar dit het daarna weer matig tot R1,9 miljard in Oktober toegeneem namate die marksentiment meer optimisties begin raak het. Besorgdheid oor die volgehoue sterk bulmark en die verstewiging van die finansiële rand het nie-inwoners se netto verkoop van aandele aangemoedig en dit het van R892 miljoen in die eerste kwartaal van 1991 tot R977


### Efektebeurstransaksies



miljoen en R1 107 miljoen in die volgende twee kwartale toegeneem. Die maandelikse waarde van hierdie netto verkoop teen R395 miljoen in Oktober 1991, was ook effens hoër as die gemiddelde maandelikse bedrag van verkoop van R369 miljoen in die derde kwartaal van 1991.

Die maandelikse gemiddelde *prysvlak van alle klasse aandele* het ná 'n aansienlike verbetering van 30 persent sedert die begin van 1991, 'n hoogtepunt in Julie bereik. In die daaropvolgende drie maande het pryse min of meer sywaarts beweeg, wat hoofsaaklik onsekere marksentimente weerspieël het. Hierteenoor het nywerheidsaandele-pryse egter bly styg en 'n nuwe rekordhoogtepunt in September bereik – naamlik 33 persent bo die vlak van Februarie 1991 – maar daarna met 0,3 persent

### Aandelepryse



in Oktober teruggesak. Die prys van goudmynaande het in Augustus 1991 begin afneem en met 16 persent van Julie tot Oktober teruggesak, terwyl die prys van ander mynaande effens met 1,2 persent van Augustus tot Oktober afgeneem het.

Die totale maandelikse waarde van transaksies in termynkontrakte het in reaksie op die lewendige toestand op die aandelemark gedurende die eerste drie kwartale van 1991 skerp toegeneem van R4,6 miljard in die eerste kwartaal van 1991 en tot R5,9 miljard en R7,7 miljard onderskeidelik in die tweede en derde kwartaal. Die maandelikse vlak van hierdie transaksies het 'n aansienlike R3,1 miljard in Augustus bedra, maar in Oktober tot R2,0 miljard afgeneem. Termynkontrakte in aandeleprysindeks het 73 persent van die waarde van termynkontrakte in Oktober uitgemaak.

In die *primère kapitaalmark* het die bedrag aan fondse wat leners in die openbare sektor deur middel van die uitreiking van nuwe uitgifte van vaste-rentedraende effekte in die tweede kwartaal van 1991 opgeneem het, slegs R1,6 miljard bedra. In Julie het die maandelikse waarde van sulke lenings tot R1,1 miljard toegeneem, maar die aflossing van staatseffekte het tot 'n netto terugbetaling van R0,8 miljard in Augustus 1991 aanleiding gegee.


Die bedrag aan fondse wat deur maatskappye in die private sektor deur middel van nuwe uitgifte van vaste-rentedraende effekte opgeneem is, het bale vinnig van R91 miljoen in die tweede kwartaal van 1991 tot R967 miljoen in die derde kwartaal gestyg; R517 miljoen van hierdie bedrag is deur uitgifte van voorkeuraandele opgeneem. Die lewendige toestande aan die aandelebeurs en die betreklik hoe koste van geleende fondse het aandelekapitaaluitgifte deur maatskappye begunstig. Die waarde van nuwe uitgifte van gewone aandele deur genoemde maatskappye in die private sektor het van R0,3 miljard in die eerste kwartaal van 1991 tot R1,9 miljard in die tweede kwartaal toegeneem, voordat dit matig tot R1,5 miljard in die derde kwartaal afgeneem het.

In die verbandmark het die netto maandelikse gemiddelde bedrag wat die vernaamste depositonemende instellings aan verbandlenings uitbetaal het, effens van R894 miljoen in die tweede kwartaal van 1991 tot R927 miljoen in die derde kwartaal toegeneem. Die gemiddelde maandelikse waarde van transaksies in vaste eiendom wat R2,4 miljard in Julie en Augustus bedra het, was byna gelykstaande aan die gemiddelde maandelikse vlak van die eerste helfte van 1991.

#### Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark

Die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 'n lae 15,6 persent in Februarie en Maart 1991 skerp tot 17,2 persent in Oktober verstewig. Dit het die mark se siening

#### Kapitaalmarkopbrengskoerse



\* Marge tussen langtermynstaatseffekte en Eskom-effekte

weerspieël dat inflasie hoog sal bly en onsekerheid dat die openbare sektor se leningsbehoefte die begrote syfer met 'n aansienlike marge mag oorskry. Die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op Eskom-effekte het die verloop van langtermynstaatseffekte nougeset gevolg, hoewel op 'n effense laer vlak. Die gemiddelde marge tussen langtermynstaatseffekte en Eskom-effekte het van 'n klein 0,11 persentasiepunte in Januarie tot 0,45 persentasiepunte in Oktober verbreed. Hierdie marge word beïnvloed deur nie-inwoners se handelsbedrywigheid, die groter bemarkbaarheid van Eskom-effekte en die vermoë om op die termynbeurs te verskans.

Die jongste ontwikkelings in die verhandeling van opsies duï daarop dat die mark 'n afname in opbrengskoerse verwag aangesien koopopsies besig is om verkoopopsies met 'n aansienlike marge te oorskry. Met die opbrengskoers op ongeveer 17,4 persent vir die week geëindig 24 Oktober

1991, het koopopieses byvoorbeeld R6,5 miljard en verkoopopieses slegs R2,0 miljard bedra.

Die opwaartse neiging in langtermynopbrengskoerse en die effense verlangsming in die gemete inflasiekoers het 'n effense toename in die reële opbrengskoers van langtermynstaatseffekte van 'n lae 0,5 persent in Julie 1991 tot 1,3 persent in September tot gevolg gehad.

Die depositonemende instellings se corheersende koers op huisverbandlenings wat sedert April 1991 op 19,75 persent gehandhaaf is, is in Oktober 1991 met 0,25 persentasiepunte tot 20,0 persent verhoog. Hierdie verhoging is 'n reaksie op die instelling van die belasting op finansiële instellings in die plek van belasting op toegevoegde waarde. Die instelling van hierdie belasting het ook tot gevolg gehad dat die rentekoers op deposito's van twaalf maande by hierdie instellings, wat as verteenwoordigend van depositokoerse in die algemeen beskou kan word, met 0,50 persentasiepunte tot 15,5 persent verlaag is om die druk op rentekoersmarges te verlig.

Die verbetering in die gemiddelde vlak van aandelepryse was grotendeels verantwoordelik vir die verlaging van die dividendopbrengskoers met 1,05 persentasiepunte van Januarie 1991 tot Julie. In ooreenstemming met die latere meer sywaartse beweging van aandelepryse, het die dividendopbrengskoers met 0,07 persentasiepunte van Julie tot Oktober 1991 toegeneem. In Oktober was die opbrengskoers gevoldlik gemiddeld 3,30 persent. Die verdienste-opbrengskoers op aandele het as gevolg van laer winste wat deur genoteerde maatskappye behaal is van Januarie 1991 tot Augustus met 3,00 persentasiepunte afgeneem. Daarna het dit in September kortsigondig met 0,05 persentasiepunte herstel, voordat dit weer met 0,10 persentasiepunte in Oktober teruggesak het.


## Staatsfinansies

Fiskale beleid was gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1991/92 meer ekspansionistes as wat in die Begroting vir die jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel is. Dit was nie soseer vanweë die feit dat die groei in staatsbesteding die begrote groeikoers in besteding effens oorskry het nie, maar meer bepaald as gevolg van die toename in staatsinkomste wat aansienlik laer was as die ramings in die Begroting vir die fiskale jaar in sy geheel. Die tekort voor lenings en skuldaflassing van die Sentrale Regering het derhalwe gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1991/92 nie minder nie as 77 persent van die tekortbeloop wat vir die jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel was.


### Skatkisuitreikings

Die koers van toename oor een jaar in skatkisuitreikings aan staatsdepartemente (ná die gebruiklike kansuiwering vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening) het aannmerklik van 10,9 persent in die eerste of Junie-kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 tot 20,6 persent in die September-kwartaal versnel. In Oktober 1991 het hierdie

### Skatkisontvangste en -uitreikings



## Inkomste-invorderings - Staatsinkomstefonds



koers van toename 26,9 persent bedra. Hierdie uitrekings gedurende die eerste sewe maande van die jaar was 17,0 persent hoër as in die coreenstemmende tydperk van die vorige jaar, of merkbaar hoër as die toename van 13,7 persent in staatsbesteding wat in die Begroting vir die jaar in sy geheel voorsien is.

Hierdie skatkisuitrekings sluit egter die oordrag van R450 miljoen na die Uitvoerkredietfondsekeringsfonds in Julie 1991 uit. Hierdie besteding is nie in die Sentrele Regering se bestedingsramings vir 1991/92 ingesluit nie aangesien dit uit die Skatkis se finansieringsurplus van die fiskale jaar 1990/91 befonds is. Indien die totale skatkisuitrekings in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1991/92 met die begrote en buite-begroting skatkisuitrekings gedurende die coreenstemmende tydperk van die vorige jaar vergelyk word, het die koers van toename in hierdie uitrekings slegs 13,7 persent beloop. Hierdie vergelyking word egter beïnvloed deur die feit dat die syfers vir die eerste sewe maande van 1990/91 die buitengewone groot oordrag van R2,0 miljard na die Onafhanklike Ontwikkelingstrust insluit.

Skatkisuitrekings aan staatsdepartemente was in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1991/92 gelyk aan 58,1 persent van die totale begrote besteding vir die fiskale jaar in sy geheel, vergeleke met 'n verhouding van 57,6 persent gedurende die coreenstemmende tydperk in die fiskale jaar 1990/91 en 'n gemiddelde verhouding van 58,4 persent vir die eerste sewe maande van die voorafgaande vyf fiskale jare. Uit hierdie vergelykings en met inagneming van die bedrae vir bykomstige besteding wat reeds aangekondig is, kan aangeleid word dat skatkisuitrekings aan staatsdepartemente in die fiskale jaar 1991/92 die Begrotingsramings vir staatsbesteding waarskynlik met 'n aansienlike bedrag sal oorskry.

### Skatkisontvangste

Die koers van toename oor een jaar in skatkisontvangste het van 2,1 persent in die Junie-kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 tot 9,0 persent in die September-kwartaal gestyg. In Oktober 1991 het hierdie koers van toename in skatkisontvangste 5,8 persent beloop. Totale ontvangste gedurende die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1991/92 was derhalwe 6,0 persent hoër as tydens die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1990/91. Hierdie koers van toename is aansienlik laer as die toename van 11,1 persent in staatsinkomste wat in die Begroting vir die fiskale jaar in sy geheel in die vooruitlig gestel is.

Skatkisontvangste was gedurende die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1991/92 gelyk aan slegs 54,2 persent van die totale begrote inkomste vir die fiskale jaar, teenoor 'n verhouding van 59,7 persent gedurende die coreenstemmende

tydperk van die fiskale jaar 1990/91 en 'n gemiddelde verhouding van 58,2 persent vir diesselfde tydperk gedurende die voorafgaande vyf fiskale jare.

Die feit dat skatkisontvangste gedurende die eerste ses maande van die fiskale jaar 1991/92 nie aan verwagtings voldoen het nie was hoofsaaklik deur laer-as-verwagte toenames in die inkomste uit die brandstofheffing, algemene verkoopbelasting en inkomstebelasting van mynbou- en nie-mynboumaatskappy veroorsaak. Die koers van toename oor een jaar in die ontvangste van algemene verkoopbelasting het in die eerste helfte van die fiskale jaar 1991/92 slegs 2,5 persent beloop; 'n algehele stijging van 6,8 persent is vanuit hierdie bron en van belasting op toegevoegde waarde vir die fiskale jaar in sy geheel begroot. Hoewel die inkomstebelasting op individue betreklik skerp gestyg het, was die werlike dalings in die ontvangste van maatskappye gedurende die eerste helfte van 1991/92 daarvoor verantwoordelik dat inkomstebelastinginvorderings slegs matig tot 10,7 persent bo die vlak van totale inkomstebelastinginvorderings in die coreenstemmende tydperk van die vorige fiskale jaar gestyg het, vergeleke met 'n begrote toename van 18,7 persent. Die koers van toename oor een jaar in die brandstofheffing gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1991/92 slegs 11,4 persent bedra teenoor die begrote toename van 15,1 persent vir die fiskale jaar 1991/92 in sy geheel.

#### Tekort voor lenings

Die tekort voor lenings en skuldaflassing het gedurende die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1991/92 R8 129 miljoen bedra, of ongeveer 80,3 persent van die begrote tekort van R10 118 miljoen vir

die fiskale jaar in sy geheel. Die tekort gedurende die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1990/91 het R3 053 miljoen, of 38 persent van die begrote tekort beloop. Uitgedruk as 'n persentasie van bruto binelandse produk, het die tekort voor lenings gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1991/92 5,3 persent bedra; die oorspronklike Begrotingsraminge het vir 'n verhouding van 3,4 persent tot die bruto binelandse produk vir die fiskale jaar in sy geheel voorsiening gemaak.

Die tekort van R8 129 miljoen vir die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1991/92, plus die diskonto van R3 099 miljoen op nuwe uitgiftes van staats-effekte en die oordrag van R450 miljoen na die Uitvoerkrediettherversekeringsfonds (vir 'n totaal van R11 678 miljoen), is deur middel van die volgende skuldinstrumente gefinansier:

	R miljoene
Staats-effekte (insluitende die diskonto) .....	14 121
Skatkiswissels .....	-1 115
Nie-bemerkbare obligasies .....	-56
Buitelandse lenings .....	282
Afname in beskikbare kontantsaldo's .....	-1 554
Totale finansiering van Skatkistekort .....	11 678
Min: Oordrag na die Uitvoerkrediettherversekeringsfonds .....	450
Diskonto op nuwe staats-effekte .....	3 099
<b>Totale netto finansiering (= tekort voor lenings) .....</b>	<b>8 129</b>

'n Ontleding van die finansiering van die tekort coreenkomstig die soort lener is slegs vir die eerste helfte van 1991/92 beskikbaar. Gedurende hierdie tydperk is die totale tekort van R10 628 miljoen deur die volgende bronne gefinansier:


	R miljoene
Openbare Beleggingskommissarisate .....	4 677
Nie-monetêre instellings .....	3 686
Monetêre instellings:	
Korporasie vir Openbare Deposito's ..	190
Ander monetêre instellings* .....	1 940
Buitelandse sektor .....	135
<b>Totale finansiering .....</b>	<b>10 628</b>

\* Insluitende die oordrag van R450 miljoen na die Uitvoerkrediettherversekeringsfonds.

#### Verdere veranderinges in die belasting op toegevoegde waarde

Op 29 September 1991 het die Minister van Finansies 'n verdere aanpassing in die belasting op toegevoegde waarde aangekondig wat vanaf 30 September 1991 in werking getree het. Die Minister het verklaar dat 'n addisionele aantal voedselitems tot die einde van die fiskale jaar 1991/92 teen die nulkoers belas sal word. Hierdie items sluit stampmies-

#### Tekort voor lenings as persentasie van bruto binelandse produk



lies, mieliegruis, heel mielies, droë bone, sojabone,  
lensies, geblikte sardyne, vars melk en poeiermelk  
in. Die verlies aan staatsinkomste vir die fiskale jaar  
1991/92 vanweë hierdie veranderings word op R170  
miljoen geraam.

## Opmerkings oor tabelle

### Hergroepering van monetêre instellings en hersiening van geld- en bankwesestatistiek.

Verskeie tabelle en reekse in die Kwartaalblad het tot en met die September-uitgawe, na die banksektor en bouverenigings verwys. In die lig van die nouer cooreenstemming van die bedrywighede van hierdie groep en van die wetgewing en die regulasies waaronder hulle funksioneer, is hierdie onderskeid vanaf hierdie uitgawe van die Kwartaalblad beëindig. Hierdie instellings is nou saamgegroepeer en by die monetêre sektor ingesluit. Die monetêre sektor omvat dus:

- die Suid-Afrikaanse Reserwebank;
- die Korporasie vir Openbare Deposito's;
- depositonemende instellings wat onder die Wet op Depositonemende Instellings funksioneer;
- onderlinge bouverenigings;
- die Landbank; en
- die Posspaarbank.

Vanaf hierdie uitgawe van die Kwartaalblad word die tabelle wat voorheen balansstaatinligting vir die diskontohuise, handelsbanke, aksepbanke en algemene banke afsonderlik voorsien het, gestaak. Nuwe tabelle vir depositonemende instellings vervang die vorige afsonderlike inligting. Hierdie tabelle bevat ook inligting in verband met die eertydse ekwiteitsbouverenigings (wat tesame met eertydse banke en diskontohuise as depositonemende instellings geregistreer is). Kernbalansstaatinligting ten opsigte van onderlinge bouverenigings word egter afsonderlik op bladsy S-13 aangegee. 'n Aantal ander tabelle is ook hersien of bygevoeg.

Sedert die vroeë tagtigerjare het die onderskeid tussen die bedrywighede van die verskeie tipes monetêre instellings baie vervaag, en verskeie amalgamasies en oornames waarby banke en bouverenigings betrokke was, het plaasgevind. Die afsonderlike voorsiening van inligting vir handelsbanke, aksepbanke en algemene banke het gevoldlik toenemend kunsmatig geword. Soortgelyke probleme is ondervind met betrekking tot banke en ekwiteitsbouverenigings, en talie onderbrekings in statistiese reekse het as gevolg van amalgamasies en oornames voorgekom. Die diskontohuise het insgelyks nader aan ander bankinstellings beweeg. Met die inwerkingstelling van die Wet op Depositonemende Instellings op 1 Februarie 1991 en die omvattende nuwe regulasies onder dié Wet is daar erkenning gegee aan hierdie veranderings.

In tabelle S-6 tot S-9 word 'n gesommeerde balansstaat van alle Suid-Afrikaanse depositonemende instellings (insluitend sulke instellings in die TBVC-lande) voorsien. Daarna volg 'n ontslewing van

deposito's volgens tipe deposito, asook uitgesoekte bates van hierdie instellings op bladsy S-10. Die verdeeling van totale huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering voorsien deur depositonemende instellings op grond van *tipe bate* en ooreenkoms en op grond van *tipe koper*, tersaaklike rentekoers en bedrae uitbetaal deur hierdie instellings ten opsigte van nuwe afbetalingsverkoop- en bruikhuurtransaksies, word op bladsy S-11 verskaf. Voorwaardelike aanspreklikheid en inligting ten opsigte van die kredietkaartbesigheid van depositonemende instellings word op bladsy S-12 getoon.

Die ontslewing van die monetêre en krediettotale is sedert die middel-tagtigerjare gebaseer op die gekonsolideerde balansstaat van alle monetêre instellings – die banksektor, bouverenigings en die Posspaarbank. Die banksektor het egter die langtermynbesigheid van die Landbank uitgesluit. Vanaf hierdie Kwartaalblad is die langtermynbesigheid van die Landbank in die gekonsolideerde balansstaat van alle monetêre instellings op bladsy S-16 tot S-19 ingesluit, en word dit ook in die geld- en kredietgroothede weerspieël. Die nuwe hantering van die langtermynbesigheid van die Landbank beïnvloed nie die enger monetêre groothede (M1A, M1 of M2) nie. Dit het wel 'n marginale invloed op die vlak van M3, maar feitlik geen effek op die groeikoers van M3 nie. Dit het 'n soortgelyke invloed op die vlak van kredietverlening aan die private sektor, maar die invloed op die groeikoers van kredietverlening aan die private sektor is gering.

'n Tabel oor kredietverlening deur alle monetêre instellings (bladsy S-20) vervang die vroeëre tabel oor bankkrediet. Daar sal gemerk word dat verbandvoorskotte – wat voorheen deel was van "ander" lenings en voorskotte – afsonderlik in die nuwe tabel getoon word.

'n Aantal geldmarkaanwysers word op bladsy S-23 getoon; dit sluit in akkommodasie by die diskontovenster en 'n paar van sy teenhangers, Reserwebanktransaksies in staatseffekte en opsijs, en tjeksververwerk deur die automatisiese klaringsburo.

Op bladsy S-24 – Geldmark- en verwante rentekoers – word 'n reeks wat die corheersende werklike oortrekingskoers op lopende rekenings aandui, nou saam met die primakoers op oortrekings getoon.

'n Verbandleningstabel (bladsy S-26) vervang die vorige tabel van uitgesoekte poste en transaksies deur bouverenigings.

Die wysigings aan die geld- en bankwesestatistiek het ook die tabelle S-47, S-52, S-54 en S-55

rakende die staatsfinansies beïnvloed. In tabel S-47 word die eertydse banksektor en die private nie-banksektor deur onderskeidelik die monetêre instellingsektor en die private nie-monetêre instellingsektor vervang. In tabel S-52 word die totale besit aan bemarkbare skatkiswissels deur depositonemende instellings nou aangevoer en vanaf Julie 1991 verval die inligting oor die verskillende depositonemende instellings. In tabelle S-54 en S-55 word die onderskeid tussen die verskillende depositonemende instellings gestaak en met 'n klassifikasie van die totale besit aan bemarkbare effekteskuld van die Sentrale Regering deur die depositonemende instellings vervang.

**Aandeelprysindekse en opbrengskoerse – Tabelle S-40 en S-41**

As deel van die periodieke hersiening en opdatering van die Reserwebank se omvattende aandelebeurs-prysindekse en -opbrengskoerse is 'n nuwe basisjaar, naamlik 1990, en nuwe metodes van berekening van die verdienste- en dividendopbrengskoerse asook die gekombineerde indekse en opbrengskoerse, in gebruik geneem. Die nuwe indeks en opbrengskoersreeks is toepaslik aaneengeskakel met die historiese datareeks.